G.P.-S.33655—1974-75—6 000 (P) DP 1A

REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

471150
Tel. No. ~~25541~~ ×28

Volgno. P77/9/110

Direktoraat van Publikasies
Privaatsak 9069
Kaapstad
8000

KONTROLEUR VAN DOEANE EN AKSYNS
PRIVAATSAK 9046
KAAPSTAD
8000

DIREKTORAAT VAN PUBLIKASIES
PRIVAATSAK X9069
KAAPSTAD
1977-10-13
PRIVATE BAG X9069
CAPE TOWN
DIRECTORATE OF PUBLICATIONS

Geagte ...

WET OP PUBLIKASIES, 1974

PUBLIKASIE OF VOORWERP

AANSOEK OM 'N *BESLISSING/~~HERSIENING~~

Met verwysing na u aansoek van 15 September 1977 moet ek u meedeel dat die publikasie of voorwerp—

Naam en/of beskrywing: Soweto I Love, The

Skrywer of voortbringer: Sipho Sepamla

Uitgewer: Rex Collings Ltd., London/David Philip Publisher, Cape Town.

deur u komitee bedoel in artikel 4 (1) van die Wet op Publikasies, 1974 ondersoek is en dat die komitee beslis het dat die publikasie of voorwerp—

~~*nie ongewens is nie~~;

*binne die bedoeling van artikel 47 (2) (e) van genoemde Wet ongewens is.

OPMERKINGS:

Die uwe

R. E. LIGHTON
Direkteur van Publikasies

* Haal deur wat nie van toepassing is nie.

EERSTE AANBEVELING: Die publikasie THE SOWETO I LOVE deur Sipho Sepamla bevat gedigte wat ongewenste aspekte het. Daarteenoor moet die literêre waarde van die werk ~~xx~~, digterlike vryheid en die spesiale omstandighede van die onluste in aanmerking geneem word. Ek wil voorstel dat die boek deur nog iemand gelees word.(prpff.J en S ?).

VERSLAG: 1. Sipho Sepalma word beskrywe as " the leading black poet living inside South Africa today". Hy woon in Johannesburg en twee digbundels van hom het reeds in 1975 en 1976 die lig gesien. Hy is ook redakteur van die tydskrifte New Classic en "Sketsh !".

2. Hierdie versameling gaan hoofsaaklik oor Soweto en die digter se indrukke van die onrus aldaar. Daar is gedigte wat van persoonlike pyn en gewaarwording getuig, en ander weer wat meer aggressief is.

3. Ten gusnte van die bundel kan gesê word dat digterlike vryheid soms groter vryheid gee; dat die Soweto-gebeure bslis 'n skerp traumatiese impak op die inwoners en veral die familielede van slagoffers, skuldig of ontskuldig gehad het en dat dit nie verkeerd is om daardie gevoelens te beskrywe nie; en dat die lug van griewe en frustrasies nie per se ongewens is nie, mits onwettige optrede nie bepleit word nie.

4. Aan die ander kant is daar gedigte met frases soos die volgende " The child ran and ran until he fell smack into the hands of a towering giant. He was grabbed, he was hurled to the ground like grain. He was pounded and pounded with a gun-butt. We buried the mess another day - may his soul rest in peace." (p.2)
Ander sulke dele word met 'n "e" in potlood aangedui.
Die vraag is of hierdie dele so erg is dat hulle opruiend en staatsgevaarlik is; en of die dele wat teen die polisie en die owerhede gemik is, nie slegs ergernis en afkeur verwek nie, maar ook aanstootlik is in die sin van afskuverwekkend.

5. Met die oog op bogenoemde sou ek graag wou sien dat die boek ook deur 'n ander leser gelees moet word.

S. C. W... Eerste leser(ook Voorsitter) ...5.10.77

FINALE BESLUIT

6. Nadat die boek deur 'n tweede leser gelees is, het die Komitee na bespreking besluit dat die publikasie ongewens is binne die bedoeling van Art 47-2e.

[signature] 12/10/77.

7. Die Voorsitter was van mening dat die gedig onder para(4) die kritieke een was. Die ander twee lede van die Komitee het bevind dat die sewe gedigte genoem in die ander leser se verslag ook ongewens onder Art 47-2e is.

[5.10.77: [illegible]]

DP 1E

REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

Volg No. .P77/9/110...

WET OP PUBLIKASIES, 1974
PUBLIKASIE OF VOORWERP
*LESER/DESKUNDIGE SE VERSLAG

V. 5.10.1977. Na 2L. 54p. ½D.

1. Naam en/of beskrywing van publikasie	2. Naam van leser of deskundige
THE SOWETO I LOVE: Sipho Sepamla. Rex Collings, London en David Philip, Kaapstad. 1977.	

3. Kort weergawe van die inhoud:

...Die inhoud word in die verslag behandel.

4. Gedeeltes wat moontlik as ongewens beskou kan word:

(i) Art. 47(2)(a): Bladsye ....

(ii) Art. 47(2)(b): Bladsye ....

(iii) Art. 47(2)(c): Bladsye ....

(iv) Art. 47(2)(d): Bladsye ....

(v) Art. 47(2)(e): Bladsye 1.-15.,23.,24,30,32,38,46,49.

(vi) Art. 47(2)(f): Bladsye ....

5. Ek beveel aan dat die publikasie -

*nie ongewens is nie;

THE SOWETO I LOVE: Sipho Sepamla.

Ek het hierdie boekie baie deeglik gelees en probeer om my oordeel sover as moontlik te rek omdat daar by gedigte tog 'n sekere mate van toegeeflikheid kan wees. Maar die volgende gedigte lewer groot probleme op:

A Child dies(p.2)
At Sunset (p.4-5)
At the Dawn of another Day.(p.6-p. 9)
How a Brother died (p.I0-II)
Bullets (p.I2)
For a Laugh (p.I3)
Home (p.I5)-(p.I6).

Dit gaan dus hier oor 7 gedigte uit 'n totaal van 35 gedigte.

Die gemerkte dele moet weer deeglik deur die komitee gelees word voordat 'n finale beslissing geneem word.

na bespreking verbied onder artikel 47(2)(e)

SKEDULE P77/9/110

WET OP PUBLIKASIES, 1974 : STAATSGEVAARLIKE PUBLIKASIES

Voorgelê ter inligting aan -

Sekretaris van Veiligheidsinligting
Sekretaris van Inligting
Kommissaris van Polisie (Veiligheidstak)
Hoof van Stafinligting
....
....

met afskrifte aan -

Streekverteenwoordiger, Buro vir Staatsveiligheid, Kaapstad
Streekverteenwoordiger, Dept van Inligting, Kaapstad
Bevelvoerder, Veiligheidstak, S A Polisie, Kaapstad
Bevelvoerder, Afdeling Militêre Inligting, Youngsfield
....
....

PUBLIKASIE	:	Soweto I Love, The
SKRYWER OF VOORTBRINGER	:	Sipho Sepamla
UITGEWER	:	Rex Collings Ltd, London / David Philip Publishers, Cape Town
VOORLEGGER OF INVOERDER	:	Kontroleur van Doeane en Aksyns, Privaatsak 9046, Kaapstad
BESLISSING	:	(i) ~~Nie ongewens nie~~ / Ongewens binne die bedoeling van artikel 47(2)(e).
		(ii) ~~Alle latere uitgawes ongewens kragtens artikel 9(1)~~
		(iii) ~~Besit verbied kragtens artikel 9(2)~~
MOTIVERING EN AANBEVELING (indien enige)	:	Kyk die Bylae.

....
DIREKTEUR VAN PUBLIKASIES

1977 -10- 28
....
DATUM